MAGALIESKRUIN Gemeente

Tel: 012 548 1245 **Faks**: 086 535 4797
Webadres: www.magalieskruin.com
Facebook: Magalieskruin Gemeente - Algemeen
E-pos: magaliesond@telkomsa.net

Program van die week: 12 Mei 2019

12 MEI 2019 – 19 MEI 2019		
12 Mei 2019 *Moedersdag*	**08:00** – Oggenddiens – ***NAGMAAL***	Ds. Johan Olivier **Skriflesing:** Jak. 2:1-23 **Tema:** *Vriendskap met God*
	09:30 – Gesinsdiens – ***DOOP***	Dr. Lizette van Rooyen
	09:30 – Saaldiens – ***NAGMAAL***	Ds.Johan Olivier
	17:30 – Montana Aftree-Oord Diens	Ds. Alkmaar Swart
	17:45 – Aanddiens	Ds. Corné Bootha
19 Mei 2019	**08:00** – Oggenddiens	Ds. Alkmaar Swart
	09:30 – Gesinsdiens – ***NAGMAAL***	Ds. Corné Bootha
	09:30 – Saaldiens	Ds. Alkmaar Swart
	17:45 – Aanddiens	Ds. Corné Bootha
26 Mei 2019 *Biddag vir die Ekologie*	**08:00** – Oggenddiens	Ds. Johan Olivier
	09:30 – Gesinsdiens	Ds. Louis Lemmer
	09:30 – Saaldiens	Ds. Johan Olivier
	17:45 – Aanddiens	Ds. Louis Lemmer

GROEIGROEPE – 12 MEI 2019		
GROEP	**TYD**	**LOKAAL**
Connect Kids	**09:30 –** Kleuterkerk (3 j. – Gr. 00)	Kleuterlokaal
	09:30 – Kinderkerk (Gr. 0 – Gr. 6)	Kerksaal
Connect	**17:00 –** Groeigroepe (Gr. 7 – 11)	Verskillende lokale

BORG-'N-KIND
Wil jy 'n kinderhart bly maak?
Dit is mos 'n barmhartigheidstaak!
Enige bedrag is welkom
om 'n kindergesiggie te laat blom!





RIBBURGER DRIVE-THRU

Vrydagaand 24 Mei 2019
Die afskop van ons Kuiermark – kom koop aandete teen ***R35*** *elk vir jou gesin in die gemak van jou eie kar vanaf* ***16:00-19:00.***
Slegs 1000 burgers beskikbaar!!!

KLEINKOEKIES/KOEKE/TERTE

- Eiers is beskikbaar indien benodig. Kontak Irma.
- Almal wat klein koekies bak moet dit asseblief teen Maandag **20 Mei** by die kerkkantoor kom aflaai vir **verpakking** op **21 Mei**.
- Ons benodig hande om te help met die verpakking op 21 Mei – kontak Irma Munnik (082-550-1372).

PROGRAM VIR DIE VOLGENDE WEEK			
DATUM	**TYD**	**AKTIWITEIT**	**KONTAK**
Di. 14	09:00 19:00	**Woordskool** – in die konsistorie. Ons bestudeer vanjaar die Bergpredikasie.	Paul Fick – 071-380-8752 Ds. Johan Olivier – 082-979-6552
Di. 14	18:30	**L!nk = Connect (tieners) en ReConnect (jongvolwassenes)** – in die jeugsaal.	Ds. Corné Bootha – 082-786-4834
Di. 14	10:00	**Visvanger Dissipelmaking** – die Woord word bedien, toebroodjies word uitgedeel en Bybels word verkoop.	Ds. Alkmaar Swart – 012-548-1245
Wo. 15	09:00	**Mannegespreksgroep** – in die konsistorie.	David Spamer – 012-524-3821
Wo. 15	09:00	**Gebedsgroep vir uitreike** – beradingskamer in konsistorie.	Annette van Niekerk – 083-609-7953
Wo. 15	09:30	**Magnolia Oggendgroep** – in die jeugsaal.	Grieta Neethling – 083-631-3690 Rose Olivier – 083-542-3639).
Wo. 15	14:00	**Vaardigheidsbediening** – in die kerksaal.	Rhona von Schlichting – 082-940-4168
Do. 16	08:00	**Araratbediening** – by Ararat se afdak.	Diederik Peens – 082-859-6638
Do. 16	09:15	**Mannegespreksgroep** – in die konsistorie.	Francois Grimbeek – 082-468-1984
Do. 16	10:30	**Hospitaal- en Siekesorg** – in die konsistorie	Ds. Johan Olivier – 012-548-1300/ 082-979-6552
Sa. 18	06:30	**Gebedsgeleentheid** – in die jeugsaal.	Ds. Johan Olivier – 012-548-1300/ 082-979-6552
Sa. 18	09:30	**Jan Niemandpark Uitreik** – die Woord word bedien en kospakkies word uitgedeel.	Bennie Zondagh – 082-920-8798
Sa. 18	09:30	**Sonop Uitreik** – die Woord word bedien en kospakkies word uitgedeel.	Johan de Wet – 082-570-1810
Sa. 18	15:00	**Danville Uitreik** – die Woord word bedien en kospakkies word uitgedeel.	Johan Ackerman – 082-472-2153

ADMINISTRATIEWE INLIGTING

- **Debietorders** – Ons versoek lidmate om enige verandering aan debietorders **vóór** die 20ste van 'n maand vir die daaropvolgende maand **skriftelik** (per e-pos of op vorm ingevul) aan die kerkkantoor deur te gee, anders kan dit nie betyds geaktiveer word nie. Kontak Cecilia Venter (012-548-1245/ magaliesngk@telkomsa.net).
- **Koster –** Indien u die koster benodig, kontak die volgende nommer: **082-859-6638/082-852-9325**.
- **MAGALIESKRUIN NOODLYN – 060 661 1870** – Gemeentelede kan Isabel le Roux, ons Barmhartigheidsvoorsitter, by die bogenoemde nommer per sms of oproep kontak indien daar behoeftes is ten opsigte van kruideniersware, klere en maatskaplike krisisse. Versoeke word anoniem hanteer en bydraes word grotendeels uit ons klere- en koskamer voorsien.
- **Kaartmasjien en SnapScan** – Daar is Sondae by die navraetoonbank en in die week by die kerkkantoor 'n kaartmasjien asook SnapScan beskikbaar indien lidmate daarvan wil gebruik maak vir bydraes of ander betalings.
- **Gemeente se bankbesonderhede**: NG Gemeente Magalieskruin-Pretoria, ABSA, Takkode 632005, Tjekrekeningnommer 090 590 537.
- **Facebook:** Magalieskruin Gemeente-Algemeen
- **Kantoor telefoon:** Indien u nie die kantoor per landlyn kan kontak nie, skakel asseblief die kosterfoon (082-852-9325).

DEURLOPENDE AKTIWITEITE

- **Doop in 2019** – Om in **Junie 2019** te kan doop, moet die doopgesprek wat op **8 Mei 2019** plaasvind, bygewoon word. Doopregistrasie **MOET** vooraf by die kerkkantoor plaasvind. Registrasievorms is by die navraetoonbank of op ons webwerf beskikbaar. Kontak dr. Lizette van Rooyen (084-690-1971 of lizvanrooyen@gmail.com).
- **WhatsApp Gebedsgroep** – Ons gemeente het 'n WhatsApp gebedsgroep wat bid vir lidmate en sake in ons direkte omgewing. Almal bid saam maar op jou eie tyd. Geen "gevleuelde woorde" of gemorspos nie. As jy wil deel word van die groep, SMS jou naam en nommer na ds. Louis Lemmer (082-929-0244). Kontak 'n leraar of die kerkkantoor (012-548-1245) indien u 'n boodskap daarop wil laat plaas.

LIDMATE SE LIEF EN LEED

- **Inligting oor lief en leed** – Alle gemeentelede word gevra om die kerkkantoor in kennis te stel van sterftes sowel as geboortes sodat ons met mekaar die hartseer en vreugde kan deel. Skakel die kerkkantoor weeksdae tussen 07:30 en 13:00, stuur 'n e-pos na magaliesond@telkomsa.net of meld dit Sondae by die navraetoonbank aan.
- **Siekes en beproefdes** – U word hartlik uitgenooi om die kerkkantoor (012-548-1245) of u wyksouderling te kontak indien u of u familie siek is of gehospitaliseer word. **A-Blok** – ds. Alkmaar Swart; **B-Blok** – ds. Corné Bootha; **C-Blok** – ds. Louis Lemmer; **D-Blok** – ds. Johan Olivier.

  Ons wil vir u vra om vir die volgende persone te bid wat onder ons aandag gekom het:

Bezuidenhout, Bronwin	De Villiers, André	Jordaan, Anton	Pistorius, Hennie
Bezuidenhout, Lauren	De Villiers, Marie	Krause, Christo	Scheepers, Marie
Botha, Freddie	Diederiks, Wikus	Lock, Lorraine	Shandoss, Chris
Brand, JC	Eybers,Jacques	Lombaard, Martie	Swart, Kobus
Briel, Leon	Gräbe, Rina	Meintjes, Pieter	Swart, Minnie
Brits, Rita	Greyvensteyn,Johan	Naudé, Johan	Terblanche, Evelyn
Cronjé, Sieg	Grobbelaar, Marco	Oberholzer, Marco	Van Rensburg, Joan
Davel, Jeanette	Grove, Martie	Paterson, AJ	Visser, Reneé
De Kock, Willem	Heunis, Mary	Piéri, Fabiola	Wessels, Ria

- **Nuwe Intrekkers** – Ons verwelkom die volgende lidmate wat met bewys van lidmaatskap/attestaat na ons gemeente oorgekom het: Cornelius Petrus Johannes **REYNEKE** en dooplidmate Le-Hané **REYNEKE** en Danu **REYNEKE**; Susanna Maria BESTER (nou **MAREE**).
  Nuwe intrekkers wat nog nie aangemeld het nie, kan die nodige vorms Sondae by die navraetoonbank en in die week by die kerkkantoor verkry.
- **Lidmate ouer as 85** – Die volgende lidmate verjaar en is ouer as 85. Ons bid hulle die seën van die Here en goeie gesondheid toe:
  - **Minnie Swarts** van Twee Riviere Aftree-Oord verjaar op 14 Mei en word 93 jaar oud.
  - **Hentie le Roux** van Marijalaan verjaar op 17 Mei en word 91 jaar oud.

KOM RAAK BETROKKE

Kom raak gerus betrokke by die volgende **aktiwiteite:**

- **Behoeftes – hulp word benodig met die volgende:**
  - Daar is 'n groot nood vir kinderklere en skoene van alle groottes by verskeie uitreike. Kontak die kerkkantoor.
  - Ararat benodig mansskoene groottes 7-11, mansbroeke groottes 30-36 en wintersklere. Kontak Thea van Rensburg (082-9316239).
- **Weskoppies** – Ons besoek Weskoppies op **24 Mei 2019**. Kontak Irma Munnik (082-550-1372) vir reëlings om saam te gaan.
- **Nerina Oggendgroep** – Ons kuier weer saam op Dinsdag **28 Mei 2019** om **09:30** in die jeugsaal. Ons verken die wêreld en kuier saam met dr Gertina van Schalkwyk in China. Kom kuier gerus saam! Kontak Rini Martina (083**-459-7217) of Celia Maré (084-583-8655).**
- **Silwerblare Uitstappie** – Ons besoek Smutshuis in Irene op **21 Mei 2019**. U word hartlik uitgenooi om hierdie baie interessante uitstappie meet te maak. Nooi gerus u vriende saam. Die koste vir busvervoer is **R40** per persoon. Daar word geen toegang betaal nie, maar as u belangstel om 'n begeleide toer te doen, is die koste R**20** per persoon wat u self moet betaal by die Smutshuis. Maak ook voorsiening om by die teetuin 'n koppie tee te drink op u eie koste. Bespreek en betaal by die kerkkantoor nie later nie as **16 Mei 2019**. Meld asseblief reeds om **07:30** aan om die vrywaringsvorms te voltooi. Die bus vertrek stiptelik om 08:00 vanaf die kerkterrein.



KUIERMARK NUUSBRIEF



Drive-thru-ete: **24 MEI 2019**
Kuiermark: **1 JUNIE 2019**

- **Kuiermark 2019 tema** – Ons tema vir 2019: ***"DIS JOU FEES"!***
- **Stalletjies te huur** – Indien jy belangstel om 'n stalletjie teen R300 by die Kuiermark te huur om items uit te stal en verkoop, kontak vir Janine Joubert (012-548-1245) tydens kantoorure (07:30-13:00). Geen kosstalletjies word uitverhuur nie.
- **Hulp by stalletjies** – Ons benodig nog dringend hande by die stalletjies. Kontak asseblief vir Janine Joubert (012-548-1245) om aan te meld vir 'n diensbeurt by die Kuiermark.

STALLETJIE	KONTAK	BENODIG
Boeke, DVD's en CD's	Magda van den Berg 082-424-4614	Hierdie is 'n baie gewilde tafel. Bring asseblief veral kinder- en fiksieboeke, Afrikaans sowel as Engels. Langspeelplate, DVD's en CD's word ook benodig.
Boere-mark & vleis	Mollie van Molendorff – 083-378-9584	Boeremarkprodukte soos konfyt, chutney, ingelegte ware, beskuit, brode, biltong en droë wors.
Borg 'n-Kind	Janine Joubert – 083-225-7205 012-548-1245	Borge – enige bedrag kan geskenk word om dit vir Kinderhuiskinders moontlik te maak om die Kuiermark by te woon.
Gazebo's en Gholf-karretjies	Janine Joubert – 083-225-7205 012-548-1245	Gazebo's en gholfkarretjies (om mense wat moeilik loop aan te ry). Enige iemand wat daarmee kan help vir die dag van die Kuiermark, kontak asseblief vir Janine.
Geskenke-tafel	Hannelie de Beer 012-548-1245	Bedsokkies vir kinders en volwassenes, oorgetrekte hangers, enige lekkerruikitems en ander klein items wat in mooi boksies verpak kan word – enige ander handwerk asseblief!
Nagereg	Lorna Deysel – 082-825-8729	Ons benodig nog ***heelwat*** malvapoedings. Foeliebakke (1 liter) is beskikbaar by die kerkkantoor. Dankie – al die glasies vir koue poedings het name op, dit word waardeer!
Koekies en koeke	Irma Munnik – 082-550-1372 Antjie Viljoen – 084-407-1376	Ons het koek- en tertverpakkings maar vra skenkings van koekmeel, suiker en klaar gebakte groot koeke. Eiers is beskikbaar indien benodig. Dan benodig ons ***dringend*** dames om klein koekies te bak. Bestanddele kan voorsien word.
Koeldrank/ Gemmerbier 	Dassie Barnard 082-696-1636 Martin Barnard 082-696-1656	Leë 2 liter deurskynende koeldrankbottels vir gemmerbier, asook mense om gemmerbier te maak – 'n resep is beskikbaar. Skenkings van suiker word ook benodig.
Melkkos/Slaptjips 	Wilna Rautenbach 066-239-1129	Ons benodig nog hulp by die maak van melkkos. Bestanddele word voorsien en by jou huis afgelaai. Hande by die braai van die slaptjips word ook benodig. Hande om te help verkoop by die melkkos en die slaptjips sal baie waardeer word!
Snuffel-hoekie/ Klere	Heidi Pretorius 072-683-9300	Enige bruikbare items wat nie meer in jou huishouding gebruik word nie. Die Snuffelhoekie loop vanjaar deur die week van **Di 28 Mei tot Do 30 Mei,** van **11:00-19:00**. ***GEEN VERKOPE 1 JUNIE NIE.*** Baie hande word benodig!